

Inhoud Hierdie preek wys dat God in sy voorsienigheid teenwoordig en in volle bestuur van sy skepping is. Sy voorsienigheid is juis sy almagtige en alomteenwoordige krag waarmee Hy sy skepping bestuur en onderhou. God se koninkryk is iets anders as sy voorsienige krag. Dit is die krag waarmee Hy sy kerk skep en regeer. Dit doen Hy deur Christus se lyding en verhoging, nie deur sy voorsienige krag nie. In sy koninkryk gee die Here mense terug wat hulle verloor het – hulle liefde en diens vir God. Mense bemagtig nie God asof hulle aan Hom sy verlore teenwoordigheid en bestuur van sy skepping vir Hom terug wen en terug gee met hulle geestelikheid nie. God het ons geskep om as ons self teenwoordig in sy skepping te wees en ons eie lewe as mens te bestuur in sy voorsienigheid. Geestelikes wil gelowiges leer om hulle self selfloos te maak en hulle selfbestuur as mense op te offer sodat hulle God kan bemagtig om weer teenwoordig in en in beheer van sy skepping te wees.

Skriflesing Matteus 5: 43 – 48; Handeling 1: 6,7, 29 - 42

Teks Handeling 2: 36: “Die hele Israel moet nou vas en seker weet God het hierdie Jesus wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak

Tema God regeer sy skepping deur sy voorsienigheid en sy kerk deur die verhoging van Christus

1. Daar is 'n groot verskil in hoe God sy skepping regeer en hoe Hy sy koninkryk regeer. Sy skepping regeer Hy deur sy voorsienigheid en sy koninkryk regeer Hy deur die lyding en verhoging van Christus.

Dit sien ons in die twee tekste wat ons saam gelees het. In Matteus 6:45 stel die Here in sy eie woorde dat Hy sy son laat opkom oor goeies en slegtes en dat Hy dit laat reën oor die wat reg doen en die wat verkeerd doen. In sy voorsienigheid is Hy goed vir goeies en slegtes, die wat reg en verkeerd doen. In sy koninkryk vergewe Hy en gee die Heilige Gees net vir hulle wat hul tot Christus as Here bekeer. Hand. 2: 38

Die wyse waarop God goed vir sy skepping is, word genoem “voorsienigheid” en die wyse waarop God Here vir sy kerk is, word genoem die koninkryk van God.

2. In die Heidelbergse Kategismus (HK) 27 word God se voorsienigheid soos volg bely: “Die almagtige en oral teenwoordige krag waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en só regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede, en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom.”

In die gebed die “Ons Vader” bely die Gereformeerde Kerke dat die koninkryk van God is hoe Christus sy kerk regeer deur sy Woord en Gees om al meer geloofsgehoorsaam te wees. Die koninkryk van God is hoe Christus aan die regterhand van die Vader sy kerk skep, bewaar en laat groei sodat elkeen God as Here sal erken, dank, eer en liefhê. (HK 48)

God se voorsienigheid gaan oor hoe Hy God is vir sy skepping en God se koninkryk gaan oor hoe Hy Here van sy kerk is.

3. Jesus se dissipels was van die begin tot en met die uitstorting van die Heilige Gees deurmekaar oor wat die koninkryk van God is. Eintlik het hulle onbegrip nog lank aangehou soos uit die boek Handeling blyk. Hulle was elke keer verras oor wat die Here doen, waar en wanneer hulle die evangelie verkondig het en die sakramente bedien het. Daarom moes Petrus ten spyte van sy lewe met die Here op aarde ontdek dat Christus aan die regterhand van God nie-Jode insluit in die beloftes van Dawid en Abraham. Hand. 15: 7 - 11; Hand. 10.

Hulle onbegrip oor die koninkryk van Christus sien ons in hul vraag “Here, is dit nou die tyd dat u weer die koninkryk vir Israel gaan oprig?” Hand. 1: 6 Die bedoeling van die vraag is: “Gaan U nou vir en deur die Joodse gemeenskap God se regering oor sy skepping en al die volke van die wêreld weer terugvat en vestig?” Wat was fout met hulle vraag? Dit wys hulle ongeloof uit in wat Christus se koninkryk is!

Die ongeloof in hulle verwagting is dat God volgens hulle sy krag en teenwoordigheid oor die volke van die wêreld sou verloor het, en dat Jesus nou na sy opstanding uit die dood, vir en deur die Joodse gemeenskap, God se mag en teenwoordigheid in die wêreld gaan terugvat.

Kan u sien wat doen die dissipels in hulle onbegrip oor die Here se koninkryk?

1. Hulle maak die Here se voorsienige krag en teenwoordigheid in sy skepping Christus se koninkryk. Vir hulle is God se voorsienige krag in sy skepping en Christus se koninkryk een en dieselfde saak.
2. Verder maak hulle die Joodse gemeenskap, Israel, die gemeenskap wat hierdie krag gaan ontvang waardeur God weer sy verlore voorsienige krag in die wêreld sou terugkry.
3. Hulle sien Jesus na sy opstanding uit die dood as hulle geestelike leier wat deur hulle as Joodse gemeenskap God se verlore krag gaan herstel.

4. Het Jesus as die Christus gekom om God se verlore krag en teenwoordigheid in sy skepping te kom terugvat?

Jesus se koningskap het nie iets wat fout was met God se voorsienige krag en teenwoordigheid in sy skepping kom herstel nie! Jesus is nie gebore omdat daar fout

was met God se bestuur en instandhouding van die son as ster nie. Voor, tydens en na Jesus se geboorte was daar niks fout met die son nie. Jesus se geboorte het nie God se beheer en instandhouding van al die kernkrag in die son kom herstel nie. Daar was niks fout met God se beheer en instandhouding van die son nie. Dit is die energiebron van alle lewe op aarde en dit was met Christus se geboorte, net soos dit was toe God die son die eerste keer gemaak het, goed!

Net so is Jesus is nie gekruisig omdat God beheer verloor het in sy bestuur en onderhoud van die aarde nie. Daar was geen fout in die beweging van die tektoniese plate wat die kontinente vorm nie, geen fout in die beweging van water van wolke tot reën op die aarde, en die beweging van water ondergronds, in riviere en in seestrome nie. Nog minder was daar enige fout in die plant- en dierelewe en God se onderhouding en ontwikkeling van lewe deur evolusie.

Christus se kruisiging het niks kom regmaak wat met die natuur verkeerd was nie of deur God verwaarloos was omdat Hy te lank afwesig was op aarde nie.

Jesus het nie aan die regterhand van die Vader gaan sit om weer beheer terug te kry of om Homself weer kragtig teenwoordig te maak in al die miljoene sonnestelsels, melkweë en galaksies van die kosmos nie.

Nog minder het Christus die Heilige Gees uitgestort om weer beheer en teenwoordigheid te verkry oor die volkere en nasies van die wêreld, so asof Hy as God dit iewers op 'n wyse sou verloor het. In sy voorsienige krag het en is God vir ewig besig om alle mense se lewe te beskik volgens sy alomteenwoordige en almagtige krag.

Wat God in sy skepping, vir sy skepping, deur sy almagtige en alomteenwoordige krag as God is, is van Genesis tot en met die wederkoms van Christus waar - dit is en bly goed!

5. Nou wat het verlore geraak wat Christus moes kom herstel het?

Ons kan nie eers sê dat Christus die eer van God kom herstel het nie, want God se eer om God te wees soos Hy God is, volmaak en heilig, kan God nie verloor nie. Niks en niemand in hierdie skepping kan God sy eer só ontnem dat Hy sy eer om God te wees verloor nie.

Christus het nie Koning, Here, kom word van sy koninkryk om iets wat God verloor het terug te kry nie. Christus se koninkryk bring vir mense weer terug dit wat hulle as mense verloor het.

Wat hulle verloor het beskryf die apostel deur mense “hierdie ontaarde mense” te noem, en Christus se krag en mag te openbaar as die krag en mag om mense uit hierdie ontaarding uit te red. Hand. 2: 40

Die ontaarding van die mense deur hulle eie sonde is dat hulle God nie meer as Skepper lief het met die liefde wat 'n mens vir sy Maker het nie en dat hulle nie meer aan God as hulle Maker, die eer, dank, lof en aanbidding gee wat Hom as God toekom nie. Hulle verdraai hierdie liefde en eerbied as iets wat God nie toekom nie, maar enige iets en enige iemand toekom wat mense in die plek van God stel. Rom. 1: 18 – 32.

Wat verlore geraak het, is wat die mens vir sy Skepper moet wees, nie wie en wat God in Homself in sy voorsienigheid in sy skepping is nie.

6. Die koninkryk van God is die krag en mag waardeur Christus sondaars vergewe en aan hulle weer die beloofde Gees van die Abrahamsbelofte in Esegïel 36 gee:

“²⁴ Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat, julle uit al die lande bymekaar maak en julle na julle land toe bring. ²⁵ Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van julle onreinheid en en van al julle afgodery. ²⁶ Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. ²⁷ Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. ²⁸ Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees.”

Christus is die Here wat hierdie onderneming van God vir sy kerk waarmaak en Christus se koninkryk is die mag en krag waarmee Hy mense insluit in hierdie onderneming van God vir sy kerk. Die koninkryk van God is die krag en mag van Christus om sy kerk vir God weer lief te laat wees volgens sy gebooie en as God te eer, te dank en te loof as hul Skepper.

Die kerk van die Here is sy koninkryk!

7. Wat Christus met die uitstorting van die Heilige Gees doen, om die Abrahamsbeloftes vir sy kerk waar te maak, as die Seun van Dawid en van God, is nie wat die dissipels verwag het nie, ook nie na sy opstanding nie.

In hulle verwagting sou Christus wat uit die dood uit opgestaan het, hulle bemagtig as Joodse gemeenskap en sy dissipels om God se verlore mag oor die volkere van die wêreld weer vir God tereg te vat!

Daarom stel Christus teenoor hierdie verwagting om bemagtig te word om die wêreld weer vir God terug te wen, dat Hy hulle nie gaan bemagtig in hulle ongeloof om God se wêreld vir God terug te wen nie. Hy gaan hulle totaal iets anders maak – getuies.

Om getuies te wees van die mag en krag waarmee Jesus Christus en Here is, is teen alle verwagtinge van die dissipels om die mag van God vir God oor die wêreld terug te wen. Dit sien ons in wat 'n getuie doen in die apostel Petrus se optrede na die uitstorting van die Heilige Gees: Hy preek die evangelie en bedien die sakrament van die doop aan hulle wat tot geloof in Christus gekom het.

Die tekens van die koninkryk is die sakramente: elkeen wat gedoop word en die nagmaal gebruik, dra die tekens van die koninkryk! Die tekens van die koninkryk is nie waar die Joodse gemeenskap God se krag en teenwoordigheid in ander gemeenskappe gaan verteenwoordig of terugwen nie wen nie.

8. Dit bring ons by die geestelike verwarring van ons eie tyd uit!

Wat bid ons wanneer ons vandag in die kerk nog bid: “Laat U koninkryk kom.”

Bid ons dat die Here deur die evangelieprediking en die sakramentsbediening sy kerk sal insluit en laat deel in die vervulling van die beloftes aan Abraham: julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees, dit is, julle sal my kerk wees wat my liefhet en eer en Ek sal julle Here wees wat julle sonde vergewe en die gawe van die Heilige Gees gee,

of

bid ons dat God sy verlore krag en teenwoordigheid deur ons en vir ons in die wêreld sal terugwen?

Dit kan ons baie maklik beantwoord met die vraag wat was die Here se sendingopdrag aan sy kerk? Dit was om die evangelie van Christus se lyding en opstanding te preek en die sakramente te bedien! Lukas 24: 45 – 49; Matteus 28: 18 – 20.

Hierdie sendingopdrag is in ons eie en ander Protestantse kerk deur die moderne Christelikheid verdraai om iets anders te wees as om getuies te wees. Die nuwe woord in die plek van sending is om “missionaal” te wees.

Volgens geestelikes is die groot opdrag van die Here vir sy kerk nie meer om deur evangelie- en sakramentsbediening getuies van die Here te wees nie. Dit is om die wêreld missionaal te transformeer, vir God terug te wen.

9. Wat beteken dit nou skielik dat ons missionaal moet wees?

Dit beteken dat ons met ons liefde vrywillige gemeenskapsdiens in 'n ander gemeenskap as ons eie gemeenskap moet gaan doen. Deur hierdie liefdevolle gemeenskapsdiens sal ons God se koninkryk in die wêreld laat kom, sal ons tekens van God se koninkryk in die land en gemeenskap oprig.

Want God se koninkryk is vir hierdie geestelikes die terug wen van God se mag en teenwoordigheid in 'n wêreld wat Hy vir Homself verloor het.

Vir watter gemeenskap glo hulle rig God hierdie koninkryk op. Vir die nuwe Afrika gemeenskap in Suid-Afrika! Deur wie word God se koninkryk in Afrika opgerig? Deur hulle wat God se hande, voete en oë is deur hulle vrywillige gemeenskapsdiens in Afrika. Deur vrywillige gemeenskapsdiens word God weer teenwoordig in Afrika en herwin God sy verlore krag in Afrika! Kry God sy nuwe Afrika-identiteit!

Missionaal beteken dat die kerk nie meer gehoorsaam is aan die sendingopdrag deur evangelie en sakramentsbediening nie, maar deur lidmate op te offer in vrywillige gemeenskapsdiens vir Afrika, vir wie God se koninkryk opgerig word. Missionaal beteken dat lidmate moet God se nuwe Afrika-identiteit demonstreer!

10. Geen gemeenskap is God se koninkryk nie en God se koninkryk is vir geen wêreldse gemeenskap nie. God regeer alle mense en alle gemeenskappe deur sy voorsienigheid waardeur Hy altyd alles in alle gemeenskappe beskik.

Hy het geen verlore mag, krag of eer wat in of deur hierdie gemeenskappe teruggewen moet word nie.

- God se koninkryk is nie vir die Jode, vir die Afrikaners of vir Afrika nie. God se koninkryk is vir God!
- God se koninkryk is sy kerk, nie die ou Afrikaner- of die nuwe Afrikagemeenskap van geestelikes nie.
- God se koninkryk oor sy kerk kom deur Christus se lyding en verhoging aan die regterhand van die Vader, deur vergifnis en die gawe van die Heilige Gees. God se koninkryk kom nie deur Christene se liefde, selfopoffering of deur vrywillige gemeenskapsdiens nie.
- Elkeen wie in Jesus as Christus en Here glo, is deel van Christus se koninkryk, nie mense wat hulle self tot Afrikane getransformeer het nie
- Die tekens van God se koninkryk is die doop en nagmaal, nie die vertoon van 'n nuwe Afrika-identiteit in vrywillige gemeenskapsdiens in Afrika nie.

.Die geestelikes het die kerk van die Here tot gemeenskapsdiens gevonniss om deel van God se nuwe Afrika-koninkryk te kan word!

God regeer sy skepping deur sy voorsieningheid en sy kerk deur die verhoging van Christus

Hulle oordeel die kerk van die Here, en hulle wat deel is van die koninkryk van Christus deur sy vergifnis en sy vervulling van die belofte van die Gees, dat hulle kerk is, maar nie deel van God se koninkryk is nie!

Hulle veroordeel die kerk van Christus as 'n koninkryklose kerk omdat hulle nie selfloos vrywillige gemeenskapsdiens in ander gemeenskappe gaan doen om die nuwe Afrika-identiteit van God te demonstreer nie.

12. Wat gebeur met die gewone menslike liefde van gelowiges in hierdie nuwe missionale koninkryk van geestelikes?

Gelowiges ontdek in die kerk, God se genadeheerskappy, dat dit hulle was wat iets verloor het en nie God nie. Hulle ontdek dat god hulle weer die gawe gee om mense, alle mense as naaste lief te hê met die nuwe hart van vergeefde mense.

Gelowiges se naaste liefde is liefde wat net menslike liefde vir mense is. Gelowiges se liefde is nie die krag en mag waardeur God se nuwe Afrika-identiteit gedemonstreer word nie. Dit is nie liefde wat God met verlore mag en teenwoordigheid bemagtig nie.

Wie met liefde ander mense wil onderwerp aan 'n nuwe goddelike identiteit, wat God se krag en teenwoordigheid met liefde wil oprig, is nie met liefde nie, maar met absolute mag besig. Hulle is nie besig om God se verlore mag en teenwoordigheid terug te wen vir God nie, maar hul eie mag tussen mense terug te wen.

Hierdie is die misplaasde bemagtiging van verwarde dissipels: is dit nou die tyd dat u weer die koninkryk vir Afrika gaan oprig omdat ons as Afrikaners ons mag en teenwoordigheid verloor het?

'n Bemagtiging wat weer die oordeel oor die kerk bring dat hulle in hulle geloof en liefde vir die Here nog nie deel van of betrokke by God se koninkryk is nie!

13. Ons doop vanoggend vir Johan Rossouw!

Deur die doop wat ons aan hom bedien, gee ons aan hom die teken van die koninkryk van Jesus Christus! Hy dra die teken van die Koning, Jesus Christus en Here. Hy ontvang en dra hierdie teken omdat hy deel is van die koninkryk van God! Deur hierdie teken getuig ons as kerk dat Johan 'n koninkrykskind is, nie sommer maar net 'n dooplidmaat van die kerk is nie.

Hoe kan ons aan Johan die teken van God se koninkryk gee?

Petrus stel dit in hierdie woorde: ³⁹“Wat God belowe het, is vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na hom toe sal roep.” (Hand. 2)

God regeer sy skepping deur sy voorsieningheid en sy kerk deur die verhoging van Christus

Wat God belowe het, is die Abrahamsbelofte van Esegïel 36: 24 - . Gelowiges se kinders is ingesluit in hierdie onderneming van God dat Hy vir hulle Christus en Here is en hierdie belofte vir hulle in hulle lewe sal waar laat wees.

Deur hierdie teken word Johan 'n getuie van Jesus Christus. Hy dra die koninkryksteken wie Jesus as Christus en Here vir hom is as 'n getuinenis – sy sonde is vergewe en Hy het die Heilige Gees ontvang.

Daar is baie druk op ons vanoggend dat ons Johan nie mag doop nie, of as ons hom doop dat hy nie die doop as die koninkryksteken mag ontvang en dra nie. Hoekom nie? Want volgens die geestelikes van hierdie wêreld het Johan nog nie 'n koninkryksbekering gehad wat hom deel van die koninkryk van God maak nie. Ons mag volgens hulle verwarde geestelikheid Johan doop as 'n lidmaat van die kerk, maar nie as 'n lid van die koninkryk van God nie!

Hulle lyk hierdie koninkryksbekering wat jou deel van God se koninkryk maak?

Die geestelikes van die moderne Christelikheid beskryf hierdie sogenaamde koninkryksbekering as volg:

God het nie die beheer van jou lewe nie. Hy het die beheer van jou lewe verloor deur die sonde wat jy gedoen het. God is nie teenwoordig in jou lewe nie. Hy is afwesig in jou lewe en staan buite jou lewe. God bestuur nie jou lewe nie, maar jy bestuur self jou lewe en dit ontmagtig God se bestuur van jou lewe.

Dit is mos niks anders as om te sê God het sy mag en teenwoordigheid in jou lewe verloor nie! Hy het die krag en teenwoordigheid om alles in jou lewe te beskik en te bestuur verloor!

Wat jy dan moet doen is om dit wat God verloor vir God terug te wen: jy moet die beheer van jou lewe vir God gee en god in jou lewe innooi om teenwoordig in jou lewe te word. Jy herwin vir god sy krag en teenwoordigheid wanneer jy selfloos word: wanneer jy jou eie-ek en eie-beheer van jou lewe oorgee en doodmaak.

Die nuwe tipe bekering is om God se verlore krag, mag en teenwoordigheid vir God te herwin deur jou eie krag en teenwoordigheid as mens af te lê. Jou krag, mag en teenwoordigheid as mens ontmagtig God om God te wees en jou oorgawe van jou krag en teenwoordigheid in jou eie lewe bemagtig God om weer beheer en teenwoordigheid te kry.

Eers met hierdie tipe bekering kan Johan volgens hierdie verwarde geestelikes 'n koninkrykskind van God word en dan word Johan se hele selflose lewe somer 'n teken van God in die wêreld! Voor so tipe bekering is hy maar net 'n lidmaat van die Here se kerk!

15. Ons is die Here se getuies – ons dra die teken dat Hy Here van sy koninkryk is want sy kerk is sy koninkryk! Johan ontvang en dra die teken dat hy ingesluit is in Christus en 'n koninkrykskind is. Wat se tipe koning sal Christus wees wat ons insluit in Homself maar nie koninkryk kinders maak en laat wees nie?

Johan word nie gevonnissen tot 'n lewe om God se verlore bestuur en teenwoordigheid te gaan terug wen vir God deur 'n selflose karakter te word nie.

In sy voorsienigheid het God Johan goed gemaak en gemaak om homself te wees met die volle teenwoordigheid van wie hy as Johan is in hierdie wêreld en met die volle beheer om homself te wees waarvoor God ho geskep het. Jesus is sy Here wat hom deel van sy kerk, sy koninkryk gemaak het sodat hy homself kan wees binne God se vergifnis en God se gawe van die Heilige Gees.

Daarom gee ons aan Johan as koningskind die teken van die koninkryk van Christus – gedoop as versekering dat hy ingesluit is in Christus.

Ons mag hom nooit hierdie lewenslange vonnis van die wrede geestelikes van hierdie wêreld gee om selfloos te gaan word om vir God 'n ontmagtigde God sy beheer en teenwoordigheid in sy eie skepping te herwin en terug te gee nie.

Daar is nie so God nie!

Jesus is Christus en Here van sy koninkryk!